

HOOFSTUK 5: RIGLYNE EN AANBEVELINGS

5.1. INLEIDING

Uit die literatuurstudie en die navorser se praktiese ondervinding met die kind wat as gevolg van die dood van 'n geliefde verlies ervaar, het verskeie nuwe perspektiewe oopgegaan ten opsigte van die hantering van die kind wat verlies ervaar. In hierdie laaste hoofstuk van die verhandeling wil die navorser Gestaltspelterapeutiese riglyne gee vir die hantering van die kind wat verlies ervaar. Die fokus van hierdie riglyne sal pastoraal van aard wees. Die navorser sal ook aanbevelings en voorstelle maak wat deur spelterapeute, kinderberaders, ouers, onderwysers en ander versorgers van kinders aangewend kan word om die kind wat verlies ervaar te ondersteun.

5.2. GESTALTSPELTERAPEUTIESE RIGLYNE VIR DIE HANTERING VAN DIE KIND WAT VERLIES ERVAAR

Die navorser het gevind dat Gestaltspelterapeutiese beginsels soos om in die teenwoordige tyd te werk en die kind tot bewustheid van sy emosies te bring, effektief meewerk om tydens terapeutiese intervensie die kind wat verlies ervaar te begelei. Die volgende Gestaltspelterapeutiese riglyne vir die hantering van die kind wat verlies ervaar, word deur die navorser voorgestel na aanleiding van die studie wat in dié verband gedoen is. Hierdie riglyne is spesifiek toepasbaar binne die opset van die terapeutiese intervensie.

5.2.1. Die kind (en ouers) in kontak met hulle emosies

Die navorser is van mening dat die kind wat verlies ervaar, begelei moet word om met sy emosies in kontak te wees. Uit die navorsing is dit duidelik dat Gestaltspelterapeutiese tegnieke die kind aanmoedig om bewus te raak van die emosies wat hy ten opsigte van sy verlies ervaar. Die navorser het ondervind dat ouers sowel as grootouers of ander volwassenes wat die kind versorg, dikwels self nie met hulle eie emosies rondom die verlies wat die gesin of familie ervaar in kontak is nie. Dit het 'n nadelige invloed op die kind deurdat die kind moontlik ook sy ware emosies onderdruk.

Andersins het die navorser bevind dat ouers (en ander versorgers) die kind se emosies misken en gevolglik die noodigheid van terapeutiese intervensie ontken. Die navorser stel voor dat ouers aangemoedig word om die kind wat verlies ervaar vir terapie te neem om die kind die geleentheid te bied om met sy emosies in kontak te kom, indien hy nie reeds is nie. Indien die kind wel met sy emosies in kontak is en geleentheid het binne die familie- of gemeenskapsopset aan sy emosies uiting te gee, bied die terapie 'n ondersteunende funksie. Terapeutiese intervensie kan in laasgenoemde geval uit slegs enkele sessies bestaan.

Die navorser is nie 'n voorstander van onnodige terapeutiese intervensie nie, maar wil hê dat daar seker gemaak word dat die kind geleentheid gegun word om met sy emosies in kontak te wees, sodat die kind nie op langtermyn nadelige gevolge van onderdrukte emosies sal oorhou nie.

5.2.2. Die ervaring van intense emosies in die hier-en-nou

Die belang daarvan dat die kind deur terapeutiese intervensie geleentheid gegee word om met sy emosies in kontak te wees, word ook daarin gevind dat die kind toegelaat word om die intense emosies na die afsterwe van 'n geliefde in die teenwoordige tyd ten volle te ervaar. Die kind moet tydens die terapeutiese intervensie genoeg tyd gegun word om sy intense emosies tot uitdrukking te bring en teen sy eie pas of behoefte te verwerk. Die kind moet nooit aangejaag word om volgens 'n gegewe tydspan deur sy emosies te werk nie. Die terapeut moet die kind op sy vlak van ervaring ontmoet. Die kind moenie voorgeskryf word hoe lank dit hom mag neem om die verlies te verwerk nie.

Die terapeut moet egter daarvan bewus wees en kan onderskei indien die kind 'n impasse beleef en nie deur die intense emosies wil of kan werk nie. Dit mag wees dat die kind dan 'n bepaalde weerstand openbaar teen die effektiewe hantering van sy emosies na die afsterwe van 'n geliefde.

5.2.3. Die ervaring van gedeelde pyn

Die navorser het gevind dat die kind wat verlies ervaar daarby baat vind om nie net met sy eie emosies in kontak te wees nie, maar ook wanneer hy die geleentheid gegun word

om binne 'n groepsopset oor sy verlies te praat. Die groepsopset gee die kind geleentheid om bewus te wees van wat ander na die verlies van 'n geliefde ervaar. 'n Terapeutiese groep waar die terapeut fasiliterend optree, kan vir hierdie doel aangebied word. Kinders ervaar binne die konteks van so 'n groep 'n gevoel van gemeensaamheid en bemagtiging deurdat groeplede as individue van waarde voel wanneer hulle mekaar kan vertroue en bemoedig.

Die navorser stel ook 'n groep voor waar gesinne terapie ontvang vir die verwerking van hulle verlies. Die bewuswording van elke gesinslid se ervaring en emosies met die afsterwe van hulle geliefde, kan vir die gesin van groot waarde wees. Gesinslede word bewus van mekaar se manier van treur en kry begrip vir mekaar se dikwels verskillende ervarings en emosies met die afsterwe van 'n geliefde.

5.2.4. Die herkonstruksie van die persoon wat gesterf het

Uit die navorsing is dit duidelik dat die kind wat die verlies van veral 'n ouer ervaar, 'n behoefte het om met 'n persoon van dieselfde geslag as die ouer wat gesterf het te bind. Dieselfde geld ook met die afsterwe van 'n broer of suster of beste maatjie. Die herkonstruksie van die persoon wat gesterf het, is nie 'n gevoellose vervanging van die persoon nie, maar 'n vervanging van die rol wat daardie persoon verteenwoordig het. Binne die Gestaltspelterapeutiese intervensie kan die terapeut die kind begelei om die herkonstruksie te laat plaasvind deur die kind bewus te maak van moontlike persone wat die rol van die afgestorwe geliefde kan inneem.

Die pastorale perspektief is tydens die herkonstruksie van die persoon wat gesterf het van groot waarde deurdat die terapeut die uniekheid van die gestorwene erken en die kind ook daarvan bewus maak. Elke persoon is deur God geskape met eienskappe wat hulle spesiaal en uniek maak. Tydens die terapeutiese intervensie kan die terapeut die kind toelaat om die unieke eienskappe van die geliefde wat gesterf het te onthou en te bevestig dat hierdie besondere persoon as gelowige in Jesus Christus voortleef tot in ewigheid. Die persoon is in die hier-en-nou aanwesig en nie slegs 'n herinnering uit die verlede nie. Hierdie proses kan hanteer word as 'n viering van die persoon wat gesterf het se uniekheid en waarde.

Nadat die kind sy emosies en gevoelens ten opsigte van die geliefde wat gesterf het in die teenwoordige tyd ervaar en deurgewerk het, kan die terapeut die kind begelei in die herkonstruksie van die persoon wat gesterf het. Die eienskappe van die persoon wat die vakante rol van die kind se geliefde sal vervul, kan ondersoek word en ook hierdie persoon se uniekheid kan erken word. Sodoende voel die kind nie skuldig of dislojaal teenoor die persoon wat gesterf het nie, aangesien elke persoon se uniekheid erken word en persone nie teenoor mekaar afgespeel word nie.

5.2.5. Die hantering van skuldgevoelens

Die navorser het gevind dat skuldgevoelens ervaar kan word deur kinders wat verlies gely het. Die benutting van polariteite en onvoltooide sinne as 'n tegniek om die kind tot die besef te bring dat hy nie skuldig hoef te voel nie, kan van waarde wees. Dit kan ook as 'n metode gebruik word om die geliefde wat gesterf het om vergifnis te vra.

Die pastorale perspektief ten opsigte van die hantering van skuldgevoelens is van besondere waarde. Die terapeut kan die kind in 'n gebed begelei om homself te vergewe en vergifnis te ontvang vir dade, woorde of gesindhede waarvoor hy skuldig voel. Hierdie metode kan vir die kind uit 'n Christelike geloofsagtergrond van groot waarde wees, aangesien die Christelike geloof klem lê op die volkome vergifnis van sonde deur Jesus Christus.

5.2.6. Die bepaling van die kind se liefdestaal (of troostaal)

Die navorser het gevind dat die bepaling van die kind wat verlies ervaar se liefdestaal van groot waarde is, aangesien die kind se liefdestaal bepalend is vir die beste manier om vertroosting aan hom te kommunikeer. Om bewus te wees van die kind se liefdestaal is veral vir ouers en ander versorgers van belang sodat hulle op die regte wyse aan die kind liefde en vertroosting kan bied. Die navorser het bevind dat kinders wat nie deur hulle spesifieke liefdestaal aangespreek word nie, nie liefde of vertroosting ervaar nie.

Die terapeut kan tydens die terapeutiese intervensie die kind se liefdestaal bepaal deur die kind toe te laat om 'n storie te voltooi. Die vyf verskillende liefdestale word as

moontlikhede vir die voltooiing van die storie gestel. Die kind maak dan uit die vyf moontlikhede sy keuse wat sal aandui wat sy liefdestaal is. Die terapeut kan deur dialoog en waarneming gedurende die verloop van die terapeutiese sessies die akkuraatheid van die kind se liefdestaal toets. Die ouers en versorgers moet in kennis gestel word wat die kind se moontlike liefdestaal is en hulle kan dit begin toepas. Indien die kind se liefdestaal korrek waargeneem en benut word, sal die kind die positiewe uitwerking daarvan beleef.

Die navorser is van mening dat die ken van 'n kind se liefdestaal vir ouers in die algemeen van groot waarde is en die ouer-kind-verhouding positief beïnvloed. Identifisering van die kind wat verlies ervaar se liefdestaal kan grootliks daartoe bydra dat die kind werklik liefdevolle vertroosting van sy ouers en versorgers ontvang, wat positief tot die verwerking van sy verlies sal bydra.

5.3. AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN DIE KIND WAT VERLIES ERVAAR

Die navorser het met die onderneem van hierdie studie verskeie waarnemings gemaak ten opsigte van die kind wat verlies ervaar. Uit hierdie waarnemings het die navorser aanbevelings geformuleer wat vir sowel die Gestaltspelterapeut, as die ouers en versorgers van kinders waardevol kan wees.

5.3.1. Die ervaring van verlies is 'n proses van rou

Die navorser het gevind dat die kind wat verlies ervaar se rou-ervaring die beste beskryf kan word as 'n proses. 'n Proses laat groter ruimte toe vir die vloeibaarheid en interverweefdheid van verskeie emosies en reaksies wat die kind met die verlies van 'n geliefde ervaar. Elke kind het sy eie unieke proses van rou waaromtrent 'n ouer of terapeut nie voorskrywend kan wees nie. Soos daar in paragraaf 5.2.2 aangedui is, moet elke kind toegelaat word om teen sy eie pas deur sy rouproses te werk. Die terapeut en ouers kan wel die kind tydens sy rouproses ondersteun en begelei.

5.3.2. Die impak van sekondêre verliese

Uit die navorsing het die navorser bewus geword van die groot impak wat sekondêre verliese na die afsterwe van 'n geliefde op die kind mag hê. Veral vir die jonger kind in die laerskool (ses tot agt jaar) is die konkrete belewing van sy wêreld van groot belang. Die ontwrigting wat die kind ervaar wanneer daar byvoorbeeld na die afsterwe van 'n ouer verhuis moet word, kan vir die kind 'n groot verlies wees wat die kind sal moet verwerk. Daarom moet daar 'n bewustheid wees van die moontlike impak van die sekondêre verliese ná die verlies van 'n geliefde en nie net op die kind se primêre ervaring van verlies ten opsigte van sy geliefde gekonsentreer word nie.

5.3.3. Die hantering van die verlies in elke daaropvolgende ontwikkelingsfase

Vir die kind wat in 'n bepaalde ontwikkelingsfase verlies van 'n geliefde ervaar, mag dit nodig wees om in elke daaropvolgende ontwikkelingsfase weer deur die trauma van die verlies te werk. Dit is nodig sodat die kind met byvoorbeeld die verwerking van meer abstrakte denke met die aanvang van die tienerjare, die konsepte van die dood op abstrakte wyse sal ondersoek, terwyl hy die konsep van die dood voorheen in die laerskool as konkreet ervaar het. Veral ouers en versorgers van kinders wat verlies ervaar moet hiervan bewus wees. Hulle moet beseft dat wanneer die kind wat verlies ervaar met die aanvang van die daaropvolgende ontwikkelingsstadium gedragsprobleme openbaar, dit moontlik is dat die kind konflik beleef om sy verlies binne sy nuwe ontwikkelingsfase te aanvaar. Terapeutiese intervensie mag dalk weer nodig wees.

5.3.4. Die waarde van die voorbereiding van die kind op die ervaring van verlies

In die lig daarvan dat hierdie navorsing die moderne mens se ontkenning van die ervaring van verlies en die gepaardgaande vervreemding van die dood beskryf het, het die navorser tot die insig gekom dat dit nodig is dat kinders op die ervaring van verlies voorberei sal word. Die navorser stel voor dat ouers met hulle kinders oor die dood sal praat en die kind se begrip van die dood sal bepaal. Sodoende kan ouers hulle kinders se wanopvattinge en vrese rakende die dood hanteer voordat die kind met verlies weens die dood gekonfronteer word. Die dood is 'n realiteit wat niemand kan ontvlug nie. Die gesprek rondom die dood is geensins bedoel om kinders bang te maak vir die dood of

vrese by hulle te ontwikkel nie. Die navorser is oortuig daarvan dat ouers hulle kinders binne 'n ontspanne en liefdevolle gesprek in kontak kan bring met hulle beskouing van die dood. Hierdie bewustheid kan die kinders in 'n mate voorberei op die ervaring van verlies.

Vanuit die pastorale perspektief kan Christenouers 'n sinvolle gesprek oor die dood met hulle kinders voer vanweë die feit dat gelowiges nie die dood as die einde van die lewe beskou nie, maar slegs as 'n oorgang na die lewe in die hemel saam met God. Die ewigheidsperspektief is vir die Christenkind en -ouer van groot belang.

Die navorser vind ook waarde daarin dat ouers hulle kinders op verlies voorberei deur hulle bewus te maak van ander verliese wat algemeen ervaar word. Die verlies van 'n maatjie wat verhuis of 'n geliefde speelding wat verlore raak, kan aangewend word om 'n kind met die ervaring van verlies vertrouwd te maak. Dikwels word die ervaring van hierdie verliese heeltemal misken as bloot die verloop van die lewe en word die geleentheid nie benut om die kind bewus te maak van die ervaring en verwerking van verlies. Die navorser beveel aan dat ouers hierdie "alledaagse" verliese benut om die kind te help om bewus te word van die emosie wat hy met die verlies ervaar. Die kind kan deur die maak van 'n tekening toegelaat word om op 'n veilige wyse aan sy emosies uiting te gee. Die ouer kan die kind daarop wys dat die lewe gedurig veranderinge meebring. Elke verandering bring in 'n meerdere of mindere mate verlies mee. Wanneer die kind bewus gemaak word van wat hy met die verlies ervaar, bied dit hom die geleentheid om aan sy emosies uiting te gee en sodoende die verlies te verwerk.

5.4. DIE GEESTELIKE BELEWING VAN DIE KIND WAT VERLIES ERVAAR

Vanweë die pastorale perspektief van hierdie studie het die navorser sekere waarnemings gemaak van die kind wat verlies ervaar se geestelike beleving. Die navorser stel die volgende aanbevelings voor wanneer daar binne die terapeutiese opset op 'n geestelike vlak gewerk word met die kind wat verlies ervaar.

5.4.1. Neem kennis van die geestelike belewingsvlak van die kind

Die navorser het gevind dat kinders se vlak van geestelike beleving baie verskil. Selfs kinders wat in 'n Christelike omgewing grootword, soos die kind wat 'n Christenskool bywoon, is nie noodwendig op geestelike aspekte ingestel nie. Die navorser is van mening dat die ouer se geloofslewe die grootste invloed op die kind se geestelike beleving uitoefen. Dit geld veral vir die jonger laerskoolkind.

Dit is van belang dat elke kind as 'n unieke individu hanteer word en dat daar nie geestelike veralgemenings gemaak word nie. Die navorser het ook ondervind dat 'n kind se ouderdom nie noodwendig bepalend is vir die aard van sy geestelike beleving is nie. Sommige kinders is reeds op 'n jong ouderdom geestelik ingestel en beleef hulle geloof in God as 'n realiteit, terwyl ander kinders wat veel ouer is, nie dieselfde geestelike beleving het nie. Dit is egter so dat die jonger laerskoolkind meer konkreet dink oor sy geloof en die dood, terwyl die ouer laerskoolkind begin om meer abstrak daaroor te dink.

Die navorser is daarom van mening dat daar eers bepaal moet word op watter geestelike vlak 'n kind is voordat daar in geestelike opsig met hom gewerk word. Die geestelike vlak van die kind is maklik waarneembaar in die Gestaltspelterapeutiese werkwyse deurdat die kind wat geestelik ingestel is by geleentheid spontaan na God sal verwys. Die terapeut kan dan daarop inspeel en God as die derde persoon in die terapeutiese opset erken. Gevoelens en reaksies wat die kind as gevolg van sy verlies teenoor God ervaar, kan dan hanteer word.

5.4.2. Wees versigtig vir die skep of instandhouding van geestelike introjekte

Die navorser het bevind dat die jonger laerskoolkind geestelike waarhede dikwels as introjekte aanvaar. Hulle glo byvoorbeeld konsepte oor die dood, omdat dit so aan hulle vertel is. Hulle sal dit nie bevraagteken nie en waar hulle wel opstandig voel oor die verlies wat hulle ervaar, laat dit hulle skuldig voel. Die ouer laerskoolkind is egter meer geneig om vrae te vra en introjekte te betwyfel. Die navorser is van mening dat kinders van jongs af begelei moet word om geestelike realiteite op 'n persoonlike vlak te ervaar

sodat hulle geloofswaarhede kan assimileer en nie bloot net as introjekte aanvaar nie. Hierin speel ouers en ook Christenonderwysers 'n belangrike rol deurdat hulle geloofsbelewings in krisistye, maar ook in die alledaagse lewe, as voorbeeld vir die kind sal dien.

In die terapeutiese opset het die navorser gevind dat daar sorg gedra moet word om die kind toe te laat om bewus te word van wat hy op geloofsgebied ervaar ten opsigte van die afsterwe van sy geliefde. Deurdat die kind bewus word van wat hy ervaar en dink, kan moontlike introjekte ontbloot word en die kind die geleentheid benut om geloofswaarhede sy eie oortuigings te maak.

Die navorser het gevind dat geestelike worstelvrae soos waarom God 'n geliefde laat sterf, deur selferkenning hanteer kan word. Die terapeut kan sy eie geestelike beleving rondom die dood met die kind deel. Dit is egter van belang dat die terapeut haar eie gevoelens rondom die dood reeds hanteer het en nie enige onvoltooidhede daaromtrent het nie. Die navorser beskou die tegniek van selferkenning as 'n eksperiment waartydens die terapeut 'n demonstrasie doen as 'n voorbeeld dat 'n mens geestelike vrae mag vra en dat dit dikwels juis nodig is om met 'n vraag te worstel totdat die onvoltooidheid voltooi word.

Die navorser heg ook waarde aan die praktiese wyse waarop die worstelvrae van die kind wat verlies ervaar deur 'n kundige hanteer is, soos in hoofstuk 3 beskryf.

5.4.3. Die geestelike hantering van emosies

Die navorser het gevind dat die kind wat verlies gely het grotendeels hartseer ervaar, maar ook 'n rede soek waarom hulle geliefde moes sterf. Hierdie soeke na 'n rede kan in woede of aggressiewe gedrag na vore kom.

Binne die pastorale konteks het die navorser die kind se hartseer erken en dan saam met die kind 'n gebed gedoen. Gestaltspelterapeutiese tegnieke is aangewend waar die kind geleentheid gegun is om oor sy gevoelens te praat, hetsy binne 'n projeksie of deur dialoog. Die kind se pyn is dikwels so intens dat die navorser deur die gebed die kind

die geleentheid gee om sy pyn voor God te bring. God beloof aan gelowiges in sy Woord dat Hy die gebroekenes van hart sal genees en hulle wonde sal verbind (Psalm 147:3). Die navorser het waargeneem dat die kind wat op 'n geestelike vlak funksioneer gebed waardevol vind, aangesien so 'n kind glo in die krag van die gelowige se gebed.

Die kind wat woede ervaar en worstelvrae vra, is ook binne die pastorale konteks hanteer. Die navorser het weer eens Gestaltspelterapeutiese tegnieke benut waardeur die kind aan sy gevoelens van woede uiting kon gee deur middel van dialoog of 'n projeksie met klei. Die navorser het gevind dat die metode van selferkenning hier goed benut kan word om die kind wat nie sy woede of teleurstelling teenoor God wil erken nie tot bewustheid te bring. 'n Gebed kan gedoen word om die kind die geleentheid te gee om sy emosies teenoor God te noem. Die navorser vind dat so 'n gebed 'n belangrike deel uitmaak van die kind se soeke na vrede en antwoorde, aangesien die kind tot die bewustheid kom dat hy ook sy gevoelens met vrymoedigheid voor God kan bring.

5.5. SAMEVATTING

Die kind wat verlies ervaar, gaan deur 'n moeilike tyd. Hy ervaar intense gevoelens en emosies. Die kind is meestal nie in staat om vir homself in al die pyn en verwarring afsluiting te vind vir al die onvoltooidhede wat skielik sy lewe oorweldig nie. Daarom is terapeutiese intervensie nodig.

Die navorser is van oortuiging dat die meeste kinders uit 'n Christelike agtergrond 'n geestelike behoefte het om die verlies wat hy ervaar, op 'n geestelike vlak te hanteer. Dikwels kan daar nie deur die konvensionele terapeutiese tegnieke voltooiing gevind word nie. Dit is waar die pastorale perspektief vir die kind wat op 'n geestelike vlak funksioneer, van groot waarde is. Die navorser is daarom van mening dat die Gestaltspelterapeutiese werkwyse en die pastoraat aanvullend tot mekaar werk om die Christenkind tot heelheid en balans te lei.